

2 Desember

Johannes 21:15-19 (21:18)

Opvoeding in die kruisweg

Jesus het die eis vir sy dissipelskap baie duidelik gestel: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg" (Matt 16:24). Petrus wou wel agter Jesus aan. Vir hom was sy lojaliteit teenoor sy Heer en meester belangrik. Hy wil nie dat Jesus deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs aan die kruis oorgelewer word nie. Hy verklaar plegtig dat Hy nooit die Here Jesus sal verlaat nie. Hy raak so opgewerk oor Jesus dat hy die swaard trek en kap 'n slaaf se oor af.

Sy lewe was tot op die stadium dat Jesus na sy opstanding met hom praat 'n lewe van "self jou klere vasmaak en gaan waar jy wil".

Maar hierin moes ons Here Jesus nog baie genadewerk doen: vorm, opvoed. Die opvoederstaal wat Petrus moes aanhoor is: "...wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek en iemand anders sal jou vasmaak en bring waar jy nie wil wees nie". Woorde waarmee die Here Jesus aangedui het deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik. Petrus se oudag sou wees een van magteloosheid, marteling, dood.

Wat Petrus moes leer om agter Jesus aan te kom is dat dit 'n pad van die kruis is. 'n Pad waar die "ek" van Petrus, van u, van elkeen, te sterwe moet kom. 'n Pad waarin dit al duideliker word wie Here (Eienaar, Baas, Bevelvoerder) is. By Petrus was die kruispad die pad van 'n marteldood. Dit is die middel wat Jesus moes gebruik sodat Petrus se "ek" sterf. Het jy al daaraan gedink dat jou terugslae, leed, droefheid, moeilike omstandighede, siekte en selfs dood opvoeding deur die Here Jesus kan wees? Opvoeding tot jou beswil sodat Christus al meer word en ons minder. Opvoeding omdat Hy jou liefhet.

Sing: Psalm 6:1, 4 Ds. CA. Jansen (Bloemfontein-Suidheuwels)